*Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.*

# Nuusweek

Pretoria FM

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe

Nommer 75, Jaargang 2 17 Julie 2026 www.pretoriafm.co.za




# MOEILIKHEID IN DIE METRO

Burnham binnekort Britse premier 06

Ligte, kamera, rugby! 07

Bokkieweek trotseer aanvalle 08

Dis Argentinië teen Spanje 19



# Spies staan familie by van man wat ná rugby sterf



Willie Spies

Hugo van der Berg

*Redaksie*

Toe die VF Plus se burgemeesterskandidaat en prokureur, Willie Spies, tydens die afgelope Saterdag se Springbokwedstryd langs die veld by Loftus Versfeld sit, het hy nie gedink dat 'n man daardie aand sy lewe sal verloor of dat hy die familie sal bystaan in die stryd vir geregtigheid wat daarop sal volg nie.

Die 51-jarige Hugo van der Berg van Secunda in Mpumalanga het tydens die wedstryd sy selfoon verloor. Dit is in dié stadium nog nie duidelik of dit diefstal was nie. Van der Berg het ná die wedstryd saam met duisende toeskouers al met Lynnwoodweg na sy voertuig beweeg, waar hy die derde persoon geword het om daardie aand in 'n konstruksie-uitgrawing van die Tshwane Metro te val.

'n Veiligheidskonsultant, Werner Beineke, het aan Spies gesê dat die eerste persoon ongedeerd daarvan afgekom het. Die tweede slagoffer het sy ribbes gebreek. Die val van ongeveer vyf meter het Hugo van der Berg se lewe geëis.

Spies sê Van der Berg se dood moet voor die Tshwane Metroraad se deur gelê word. Sy eie seun, Deon, het daardie aand dieselfde pad van Loftus Versfeld terug na sy koshuis gestap.

"Die Tshwane Metroraad het 'n soveelste bedenklike tenderkontrak gesluit met 'n kontrakteur wat die rioleringspype in Lynnwoodweg moes vervang. Die werk aan die projek, wat miljarde rand beloop, is die afgelope paar jaar herhaaldelik onderbreek as gevolg van wanprestasie en onderprestasie van die kontrakteur. Die metro het, soos hulle altyd met hulle maatjies maak, miljoene vooruit betaal aan die kontrakteur sonder dat die werk behoorlik bestuur word."

Spies sê verder dat daar streng reëls en wette op beroepsgesondheid bestaan, en dat so 'n perseel beveilig en afgebaken moet word.

Spies het 'n video op Facebook geplaas waarin hy vra dat die familie van die slagoffer wat in die uitgrawings geval het met hom in verbinding tree en dat hy hom beskikbaar stel om met regstappe teen die Tshwane Metro te help. Maandagaand het hy 'n skermskoot van 'n Facebookplasing ontvang waarin Van der Berg se familie sê dat hulle op soek is na Hugo. Spies het die nommer geskakel en met Yolanda van der Berg, Hugo se skoonsuster, gepraat. In daardie stadium het sy nog geen besonderhede oor Hugo se welstand gehad nie.

Spies het die afgelope week Van der Berg se familie bygestaan. Hy het aan *Nuusweek* gesê hy glo daar is gronde vir strafregtelike klagtes kragtens die wet op Beroepsgesondheid, klagtes van strafbare manslag teen die toesighoudende ingenieurs, sowel as 'n siviele eis. **N**

# Regstappe volg na Mettler se skorsing



Johann Mettler

Anton van der Bijl

*Redaksie*

Die DA en Solidariteit beoog regstappe ná die skorsing van die stadsbestuurder van die Tshwane-Metro, Johann Mettler. Die DA het die Gautengse Hooggeregshof op 'n dringende basis genader om die stadsraad se besluit tersyde te laat stel. Die party beweer die speaker het tydens 'n spesiale raadsvergadering stemme onregmatig aangepas om die uitslag te verander.

Volgens die DA is 13 stemme van die opposisie afgetrek, wat daartoe gelei het dat Mettler geskors is en bewerings van ernstige wangedrag teen finansiële hoof, Gareth Mnisi, as minder ernstig geklassifiseer is. Die DA vra die hof om die oorspronklike stemuitslae te herstel, of te beveel dat 'n nuwe raadsvergadering met 'n behoorlike stemproses gehou word.

Solidariteit het ook sy regspan opdrag gegee om hofstukke te finaliseer om die skorsing van die stadsbestuurder te beveg.

Volgens Anton van der Bijl, adjunkbestuurshoof van Solidariteit, is daar geen ander keuse meer as om die onreg bloot te lê wat die metroraad op hierdie wyse teenoor Mettler as Solidariteit-lid pleeg nie.

"Die metro se reeks besluite wat tot die skorsing van Mettler gelei het, is eenvoudig net onwettig, irrasioneel en ongrondwetlik. Verder het ons waarskuwings oor regsaksie, sou die metro nie hulle besluit oor Mettler onmiddellik hersien nie, skynbaar op dowe ore geval."

Van der Bijl sê hulle beskou Mettler se skorsing en die weiering om dit te hersien as 'n polities gemotiveerde skuif en is oortuig daarvan dat dit in die hof ontbloot sal word. **N**

# VF Plus dien mosie in oor uitgrawings wat lewe eis

*Redaksie*

Die VF Plus het 'n dringende mosie by die Tshwane-Metro ingedien, ná die dood van 'n rugbygeesdriftige, mnr. Hugo van der Berg, wat ná die Springbokwedstryd verlede Saterdagaand in die oop uitgrawings in Lynnwoodweg in Pretoria geval het.

Die party eis 'n onafhanklike ondersoek en wil hê die verantwoordelike ingenieur en kontrakteur moet aanspreeklik gehou word.

Die VF Plus vra ook dat die kontrakteur op die swartlys geplaas, slagoffers of hul families vergoed, en 'n volledige oudit van groot bou-en-ontwikkelingsprojekte aan die raad voorgelê word.

Die party sê oop en onafgesperde uit-grawings hou 'n ernstige veiligheidsrisiko in en dat die metro 'n grondwetlike plig het om inwoners se veiligheid te beskerm. **N**

# Geen bewyse teen Mchunu

*Redaksie*

Die parlementêre ad hoc-komitee wat korrupsie in die land se strafregstelsel ondersoek, het geen bewyse gevind wat daarop dui dat die geskorste minister van polisie, Senzo Mchunu en ander senior amptenare bande met misdaadnetwerke het nie.

Dit sluit die geskorste adjunk- nasionale kommissaris, Shadrack Sibiya, asook die hoof van die Ondersoekdirektoraat teen Korrupsie, advokaat Andrea Johnson, in. Volgens die komitee se konsepverslag is daar geen bewyse van bande met misdaadsindikate nie.


Die konsepverslag bevind egter dat daar ernstige vrae oor sy integriteit en bestuursoptrede bestaan ná die ontbinding in 2024 van die taakspan wat ondersoek instel na politieke moorde.

Die komitee het ook verskeie tekorte in die strafregstelsel, onder meer by Misdaadintelligensie en die bestuur van polisiedossiere, uitgewys.

Verdere wysigings word aan die verslag aangebring alvorens die finale verslag aan die speaker van die Nasionale Vergadering oorhandig sal word.

Die voorsitter van die parlementêre komitee oor Polisie, Ian Cameron, het aan Nuusweek gesê dat geen van die getuienis wat voor die ad hoc-komitee gelewer is, bewyse kon bied dat Mchunu kriminele bedoelings gehad het nie. Cameron sê alhoewel daar vrae bestaan oor die tydsberekening van die ontbinding van die taakspan wat ondersoek instel na politieke moorde, is daar niks wat daarop dui dat hy by 'n sameswering van enige aard betrokke was nie.

"Die persepsie wat geskep is dat hy moontlik deel vorm van 'n kartel van 'n aard, is geensins gestaaf deur enige getuienis wat voor die komitee gelewer is nie." **N**



# Hoës vergader vandag oor uitbetalings aan munisipaliteite

*Redaksie*

'n Hoëvlakvergadering vind vandag plaas oor die Nasionale Tesourie se besluit om toedelings aan 69 munisipaliteite terug te hou. Die parlement se portefeuljekomitee oor Samewerkende Regering vergader met die minister, Velenkosini Hlabisa, die minister van Finansies, Enoch Godongwana, asook met die voorsitters van die drie parlementêre toesigkomitees en die plaaslikeregeringsvereniging.

Die Finansiële en Fiskale Kommissie het die parlement versoek om te besin oor die Tesourie se besluit om nie die toelaes aan 69 munisipaliteite te betaal nie.

Die kommissie sê dat dié uitbetalings onvoorwaardelik is en besluite oor die toekenning slegs deur die parlement geneem en goedgekeur kan word.

Die Tesourie het net meer as 'n week gelede aangekondig dat hulle ongeveer R13,5 miljard van 69 munisipaliteite gaan weerhou om fiskale dissipline af te dwing en ongemagtigde of vrugtelose uitgawes in te perk. Die munisipaliteite is versprei oor al nege provinsies en sluit metro's soos Johannesburg, Nelson Mandelabaai (Gqeberha), Buffalo City en Mangaung in.

Die Tesourie sê dit is 'n tydelike maatreël ingevolge artikel 216 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur wat bepaal dat die fondse beskikbaar gestel sal word as die munisipaliteite aan sekere voorwaardes voldoen. **N**

# OBK kry waarnemende hoof

*Redaksie*

Die Openbare Beleggingskorporasie sê hulle ondersteun die nuut aangestelde waarnemende hoof, Batandwa Damoyi, wat die afgelope week in 'n waarnemende hoedanigheid aangestel is ná die skorsing van Patrick Dlamini. Die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor het intussen aangekondig dat hy die OBK gaan ondersoek nadat kommer uitgespreek is oor bestuur, leierskap en deursigtigheid.

Die waarnemende hoofbeleggingsbeampte, August van Heerden, sal ook nie in sy pos aanbly nie.

Die owerheid sê die ontwikkelinge wek ernstige vrae oor die bestuur van Suid-Afrika se grootste batebestuurder, wat meer as R3,5 biljoen se openbare fondse bestuur.

Damoyi is 'n geoktrooieerde rekenmeester en het in April 2024 by die OBK aangesluit.

Die OBK raad sê haar aanstelling sal verseker dat die korporasie sy mandaat onbelemmer sal kan uitvoer. **N**




# Matlala trek pleitooreenkoms terug

Redaksie

Die vermeende misdadiger Vusimuzi "Cat" Matlala het sy pleitooreenkoms met die staat in die Gespesialiseerde Handelsmisdaadhof in Pretoria teruggetrek.

Sy regsverteenwoordiger het bevestig dat Matlala die ooreenkoms laat vaar het nadat hy geweier het om die hof se voorgestelde swaarder vonnis te aanvaar. Die saak is tot 11 September uitgestel.

Matlala staan tereg op aanklagte van bedrog, korrupsie en geldwassery wat verband hou met 'n SAPD-tender van R228 miljoen.



Vusimuzi 'Cat" Matlala

Intussen is Matlala se getuienis voor die Madlanga-kommissie tot 1 September uitgestel. Matlala se regsverteenwoordiger, Annelene van den Heever het gevra dat sy getuienis uitgestel moet word omdat hy volgende week in die hof moet verskyn op aanklagte van poging tot moord.

Sy het aangevoer dat dit sy grondwetlike regte as 'n beskuldigde kan skend indien hy gedwing word om te getuig terwyl die strafregtelike saak nog hangend is. Die voorsitter van die kommissie, die afgetrede regter Mbuyiseli Madlanga het egter bevraagteken waarom Matlala nie kan voortgaan met getuienis wat nié verband hou met die strafsaak nie. **N**

# Iran kan meer pyn as die VSA absorbeer

Redaksie

Die VSA het 'n veel groter vernietigingskrag as Iran, maar Iran se groter ontwrigtingskrag ontsê die VSA tot dusver 'n politieke oorwinning.

So sê die ontleder dr. Heinrich Matthee van die Stigting Pionier Instituut.

Die Amerikaanse president, Donald Trump, het Iran die afgelope week gewaarsku dat die VSA volgende week sy aanvalle sal uitbrei om kragstasies en brûe te teiken indien Teheran nie tot onderhandelinge instem nie.

Trump het aan Fox News gesê die aanvalle sal voortduur totdat hy besluit dit is genoeg.

Matthee sê daar is min tekens dat die VSA nou 'n regimeverandering of 'n ander oorspronklike doelwit deur hernude aanvalle sal bereik, nadat dit ná 39 dae se oorlog vantevore misluk het.

Volgens Matthee is daar tans 'n fase van meer geweld en dwangdiplomasie, om die partye bereid te maak tot meer toegewings en terug te dwing na die



dr. Heinrich Matthee

onderhandelingstafel.

"Iran het as gevolg van die oorlog sy greep op die noordelike deel van die Straat van Hormoes verstewig. Hy probeer tyd koop sodat verdere aanvalle, opeenhopings, onderbrekings en afskrikking van skeepsverkeer deur die suidelike deel van die Straat, gesteun deur die VSA, druk plaas op die VSA en die wêreldekonomie. Gaspryse in Europa is bv. 55% hoër as voor die oorlog en in Asië 73% hoër, en sulfer, helium, kunsmis, diesel en vele ander produkte word hierdeur duurder."

Matthee sê tensy Trump veel meer bronne toewys aan hierdie oorlog, wat tans politieke en ekonomiese teenstand in die VSA ervaar, sal die uitkoms nie veel beter eindig as in 'n vorige rondte nie. Hy sê die VSA probeer weer om Iran se vermoë te verswak om skeepsverkeer te ontwrig. Suksesse daarin mag lei tot pogings om gebiede in suidelike Iran of die Golfgebied te beset, maar dit sal nie sonder Amerikaanse verliese gehou kan word nie.

"Iran maak daarop staat dat hulle polities meer pyn vir langer as die VSA kan absorbeer. Daar is ook 'n belangrike nuwe ontwikkeling. Ná 'n aanval deur Saoedi-Arabië in Jemen het die Houthi's, wat amptelik bekend staan as Ansar Allah en 'n bondgenoot van Iran is, teruggeslaan en gedreig om ook skeepsverkeer in die Straat van Bab al-Mandab te ontwrig. Indien skeepsverkeer deur sowel die Straat van Hormoes en Bab al-Mandab ontwrig word, sal dit nog meer druk plaas op vele toevoerlinies, pryse van noodsaaklike produkte, en die wêreldekonomie, en ook op Trump." **N**



# Burnham vandag verkies as leier van Arbeiders

*Redaksie*


Andy Burnham

Andy Burnham sal waarskynlik vandag as die leier van die Arbeidersparty aangewys word. Burnham was van 2017 tot 2026 die burgemeester van Greater Manchester. Hy het gedurende Junie 'n tussenverkiesing in Makersfield gewen wat hom 'n parlementêre setel besorg het. Uit die staanspoor het Burnham dit duidelik gemaak dat hy van voorneme is om die Britse premier, Keir Starmer, uit te daag. Alhoewel Starmer aanvanklik aangedui het dat hy Burnham die stryd sal aansê, het hy kort ná Burnham se oorwinning in Makersfield aangedui dat hy die posisie as leier van die Arbeidersparty prysgee en as eerste minister sal aanbly tot 'n opvolger aangewys is.

As enigste kandidaat sal Burnham vandag as leier van die Arbeidersparty aangewys word en eerskomende Maandag deur Koning Charles III as die nuwe Britse eerste minister aangestel word.

Burnham was voorheen die minister van Gesondheid tydens die ampstermyn van Gordon Brown.

Starmer se ongewildheid kan aan 'n rits flaters toegeskryf word. Een daarvan is die aanwysing van Peter Mandelson as die Britse ambassadeur na die VSA ten spyte van Mandelson se verbintenis met die seksmisdadiger, Jeffrey Epstein. **N**

# Uitspraak in Phala Phala-saak voorbehou

*Redaksie*

Die Hooggeregshof in Kaapstad het uitspraak voorbehou in president Cyril Ramaphosa se dringende aansoek om die parlement se artikel 89-aanklagproses te staak. Ramaphosa wil hê dat die Ontheffingskomitee se werk opgeskort moet word totdat die hersieningsaansoek in September aangehoor word. Opposisiepartye het die aansoek as 'n vertragingstaktiek bestempel en sê dat hy aanspreeklikheid wil vermy. Ramaphosa se regspan het egter aangevoer dat dit onregverdig sou wees om die ontheffingsproses voort te sit voordat die hersieningsaansoek aangehoor is. Die voorsitter van die Phala Phala-aanklagkomitee, Makashule Gana, sê dat die komitee se werk, insluitend die aanstelling van 'n bewysleier én die voorbereiding van getuies, onverpoosd sal voortduur. **N**



# Laaste wit president in Afrika sterf

*Redaksie*

Guy Lindsay Scott (1 Junie 1944 – 15 Julie 2026) was 'n Zambiese politikus, ekonoom en boer. Hy is die afgelope week in die ouderdom van 82 oorlede.

Scott was die van Oktober 2014 tot Januarie 2015 die waarnemende president van Zambië, wat hom die eerste wit persoon gemaak het wat 'n Afrikaland met 'n swart meerderheid regeer het sedert FW de Klerk die president van Suid-Afrika was.

Scott is in Livingstone in Noord-Rhodesië (nou Zambië) gebore. Sy pa was 'n Skotse dokter, Alec Scott, wat in 1927 na Afrika geëmigreer het. Guy Scott het in Cambridge studeer en 'n graad in ekonomie en later ook 'n doktorsgraad in kognitiewe wetenskap verwerf. Voor sy politieke loopbaan was hy 'n suksesvolle boer en sakeman. Sy politieke betrokkenheid het in 1990 begin toe hy by die Movement for Multi-Party Democracy (MMD) aangesluit het. In 1991 is hy as 'n parlementslid vir Mpika verkies en het later as minister van Landbou gedien, waar hy 'n sleutelrol gespeel het in die herstel van dié bedryf ná 'n verwoestende droogte in 1992 en 1993.

In 2001 het Scott by Michael Sata se Patriotic Front (PF) aangesluit. Hy het 'n vertroueling van Sata geword en is in 2011 as visepresident verkies toe die PF die verkiesing gewen het. Baie het hom as 'n "seremoniële" visepresident beskryf, maar sy rol het histories geword toe president Sata onverwags in Oktober 2014 oorlede is. Scott het as waarnemende president oorgeneem vir ongeveer 90 dae. Ten spyte van grondwetlike debatte oor sy ouers se geboorte buite Zambië, het hy die amp aanvaar tot Edgar Lungu as nuwe president ingehuldig is. **N**



Guy Lindsay Scott

# Ligte, kameras, rugby!

*Redaksie*

Toeskouers by die afgelope naweek se wedstryd tussen die Springbokke en Skotland was die eerste om Loftus Versfeld se splinternuwe, multimiljoenrand-beligtingstelsel te beleef.

Die reuseprojek is in net minder as twee maande afgehandel, waartydens die Suid-Afrikaanse beligtingspesialiste, Afrison, al 272 van die stadion se ou vloedligte heeltemal vervang het. Elke enkele lig op die ikoniese hoektorings, afdakke en paviljoene is uitgeruil vir ultramoderne, energie-doeltreffende LED-tegnologie.

Vir die eerste keer in Loftus se geskiedenis is daar ook pasgemaakte kleurvertoonligte op die Oos- en Wesafdakke geïnstalleer, wat die weg baan vir meevoerende ligvertonings.

Met tradisionele stadion-gloeilampe wat wêreldwyd gestaak word en streng regulasies rondom die invoer van volledig saamgestelde kommersiële LED-stelsels, het Afrison die hardeware hier in Suid-Afrika vervaardig. Die nuwe toebehore bestaan uit 70% plaaslike komponente, en slegs die gespesialiseerde silikon-mikroskyfies en drywers waarvoor daar geen plaaslike verskaffer bestaan nie, is ingevoer.



Van Rooy van den Berg, Afrison se stigter en hoof uitvoerende beampte, sê hy glo in die krag van plaaslike ingenieurswese.

"As 'n trots Suid-Afrikaanse armatuurvervaardiger met 15 jaar se ondervinding in die bedryf, verstaan Afrison die unieke eise van ons omgewing. Ons beligtingstelsels is ontwerp om plaaslike toestande te weerstaan en konsekwent wêreldklasprestasie te lewer waar dit die meeste saak maak."

Die ou ligte het by 1300 lux ('n maatstaf van ligintensiteit) begin sukkel en het tot 30 minute geneem om op te warm. Afrison se nuwe stelsel verseker 'n skaduvrye 2000 lux oor elke graspol, en aktiveer onmiddellik met die druk van 'n knoppie vanuit 'n sentrale beheervertrek.

Die opgradering vorm deel van 'n 20 jaar lange huurooreenkoms, en Afrison sal alle deurlopende instandhouding hanteer en toegewyde tegniese spanne op die terrein verskaf tydens elke wedstryddag.

Edgar Rathbone, hoof- uitvoerende beampte van die Blue Bulls-maatskappy, sê hy is baie trots op die projek.

"Loftus Versfeld het 'n ryke geskiedenis, maar om 'n wêreldklasstadion relevant te hou, beteken mens moet die toekoms tegemoet loop. Ons vennootskap met Afrison verseker dat ons nie net vir ons aanhangers en uitsaaiers die absolute beste visuele ervaring moontlik bied nie, maar dit beteken ons doen dit deur 'n volhoubare, plaaslik ontwerpte oplossing. Die bekendstelling van hierdie ligte by 'n Springbok-toetswedstryd is die perfekte viering van Suid-Afrikaanse innovasie." **N**

# Duisende staan by Bokkieweek


[Foto: www.bokkieweek.co.za]


[Foto: facebook.com/Bokkieweek]

*Redaksie*

'n Kritiese berig op die nuusplatform News24 en die minister van Sport, Gayton McKenzie, en die premier van Gauteng, Panyaza Lesufi, se keelskoonmakery oor Bokkieweek het talle Face-bookgebruikers genoop om hulle ondersteuning vir dié toernooi ten toon te stel deur hulle profielfoto's te verander. (Sien foto by Kommentaarblad.) Bokkieweek is vanjaar vir die 35ste keer aangebied.

Die uitvoerende hoof van Bokkieweek, ds. Peter Stans, het die afgelope week tydens 'n onderhoud op Pretoria FM gesê dat dié geleentheid elke paar jaar onder kritiek deurloop soos wat 'n nuwe geslag politici na vore tree.

Stans sê die organiseerders van Bokkie-week het 'n aantal jare gelede 'n regs-mening van 'n oudregter gekry waarin dit duidelik gestel word dat artikel 18 van die Grondwet van Suid-Afrika die reg op vryheid van assosiasie verskans.

"Bokkieweek is nie ongrondwetlik in die tyd waarin ons lewe nie."

Volgens Stans word Bokkieweek ook nie deur skole saamgestel nie, maar neem individue aan dié jaarlikse toernooi deel.




Stans sê verder dat hulle 'n platform bied aan spelers wat by ander toernooie op ander gronde as meriete beoordeel word.

Die uitvoerende hoof van Solidariteit, dr. Dirk Hermann, het in 'n video op Facebook gesê dat dit nie nodig is McKenzie en Lesufi se toestemming te verkry om Bokkieweek aan te bied nie.

"Bokkieweek is normaal, maar wat abnormaal is, is dat kindertjies by skole op grond van kwotas uitgeskop word."

Die VF-Plus sê intussen in sy reaksie dat deelname aan die Bokkieweek-sportbyeenkoms 'n keuse is en in die burgerlike sfeer van die samelewing hoort, en dat die staat nie daar behoort in te meng nie.

Die party se LP en hoofwoordvoerder oor Basiese Onderwys, dr. Wynand Boshoff, sê dit is duidelik dat die toernooi regeringslui verkeerd opgevryf het.

Boshoff sê dit is belangrik om daarop te let dat Afrikaner Volkseie Sport, die organisasie wat Bokkieweek reël, 'n vrywillige vereniging is wat sy werk sonder staatsbefondsing doen.

Die VF Plus sê die owerheid moet hom bepaal by gebeure in die openbare sfeer en gemeenskappe wat in die burgerlike sfeer optree, met vrede laat. **N**



# Gus vir miljoene opgeveil



*Redaksie*

'n Fossiel van 'n *Tyrannosaurus rex*, bekend as Gus, is op 'n veiling in New York vir 'n rekordbedrag van sowat 50 miljoen Amerikaanse dollar verkoop.

Dit maak die 67 miljoen jaar oue fossiel die duurste dinosourusfossiel nóg wat op 'n veiling verkoop is.

Die byna volledige skelet is in 2021 in Suid-Dakota ontdek en is deur 'n anonieme koper ná 'n tien minute lange biestryd gekoop.

Paleontoloë hoop die nuwe eienaar sal die fossiel aan 'n museum skenk sodat dit vir navorsing en die publiek toeganklik kan bly. **N**






Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

# Nuusweek

**Regskennisgewings**

Bepalings en voorwaardes geld.

# Lesers se beurt




Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Lesers het die afgelope week van hulle laat hoor oor Bokkieweek wat die afgelope week vir die 35ste keer in Naboomspruit aangebied is. Ná 'n kritiese berig deur News24 het die minister van Sport, Gayton McKenzie en die premier van Gauteng, Panyaza Lesufi ook keel skoongemaak. Terwyl kritici vrae oor inklusiwiteit opper, hou die organiseerders vol dat die fokus op kultuur, taal en gemeenskapsbou nie neerkom op uitsluiting nie. Hier is wat lesers te sê gehad het.

**Gert Botha**

Dis hoekom ek nie die Bokke ondersteun nie, as gevolg van dié uitlatings. Daar is baie blanke seuns wat beter speel, maar hulle word nie eers in aanmerking geneem nie as gevolg van hulle velkleur.

**Das Viljoen**

Go Bokkies ...

Die regering het meeste blanke sportkinders van baie ontneem (kwotas). Laat die Bokkieweek groei, want dit wat jy daar op en van die veld sien ... laat jou hart met trots klop!!!

**Ockie Van der Berg**

NOU gaan ons GO vir Bokkieweek, al het ek nie Bokkies nie.

**Mike Combrink**

Word genoem "volkspele" vir die mense wat behoort aan daardie volk.

**Johan Jacobs**

Alle Zulu- en Xhosa-kultuuraktiwiteite moet ook gestaak word, geen Zulu-danse en stokgevegte moet meer toegelaat word nie.

**Peter Melville**

Die regering is absoluut rassisties.


**Lucas van Aswegen**

Staan vas, Bokkieweek!

**Santa Thompson**

Die beswaardes wat kla oor die uitsluiting kan hulle eie byeenkomste reël en hou. **N**

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Alles nie só wel in China

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Die Chinese ekonomie het tydens die tweede kwartaal van vanjaar met 4,3% gestyg. Dit is minder as die doelwit van tussen 4,5% en 5% wat die regering verlede jaar gestel het en is die laagste kwartaallikse groeikoers in meer as 3 jaar.

Hoewel 'n groeikoers van 4,3% glad nie te versmaai klink nie, is daar ernstige gevaarligte wat vir China flikker met dié data. China se uitvoere was in die tweede kwartaal van vanjaar 27% hoër as 'n jaar gelede. Dit beteken dat China steeds meer en meer staat maak op die storting van sy massavervaardigde goedere in toenemend versadigde markte ten einde sy ekonomie te laat groei.

*Jeugwerkloosheid staan tans op 16% met veral gegradueerdes wat dit baie moeilik vind om goeie werksgeleenthede te kry*

Die ekonomiese groei in China is tydens die tweede kwartaal hoofsaaklik deur uitvoere gedryf, terwyl plaaslike verbruik afgeneem het, werkloosheid toegeneem het en miljoene Chinese se inkomste daal, jong mense sukkel om werk te kry, eiendomspryse met slegs 0,1% gestyg het, en banke en plaaslike owerhede gebuk gaan onder 'n skuldkrisis wat tot grootskaalse probleme in die toekoms kan lei.

Jeugwerkloosheid staan tans op 16% met veral gegradueerdes wat dit baie moeilik vind om goeie werksgeleenthede te kry. Die arbeidsmark in Chinese stede word steeds gedomineer deur werksgeleenthede vir laaggeskoolde en swak betaalde arbeiders in fabrieke wat produkte vir buitelandse markte produseer.

Eiendomsbeleggings in China het in die eerste helfte van die jaar met 18% gedaal in vergelyking met dieselfde tydperk in 2025. Vastebatebeleggings het met 5,7% in die eerste helfte van die jaar afgeneem, wat dui op Chinese werkers, maar ook plaaslike owerhede en ondernemings wat onder kontantvloeidruk verkeer en nie geld beskikbaar het om in eiendom en ander vaste bates te belê nie.

China se bevolking het verlede jaar vir die vierde agtereenvolgende jaar gekrimp. Die daling van 3,39 miljoen mense in 2025 was ook die skerpste bevolkingsafname tot nog toe in een jaar. Geboortes in China het verlede jaar tot 7,92 miljoen gedaal, die laagste vlak sedert 1949. Die gemiddelde Chinese vrou kry nou 0,97 kinders wat dit een van die laagste aanwaskoerse in die wêreld maak. China staar ook 'n snelverouderende bevolking in die gesig met 23% van sy burgers wat reeds 60 jaar of ouer is en die verwagting is dat hierdie persentasie teen 2050 tot meer as 30% gaan styg.

Enrico Fardella en Sergey Radchenko skryf die afgelope week in Foreign Affairs dat China in praktyk besig is om die wêreld wat sy opkoms moontlik gemaak het, te saboteer. Hulle verwys hier na Westerse lande, en China se eerste minister se opmerking verlede maand by 'n vergadering van die Wêreldhandelsorganisasie dat China bloot markte wêreldwyd met hulle produkte oorneem omdat hulle meer geld aan innovasie spandeer het.

"Onderliggend aan hierdie triomfantlike visie is die Chinese bewering dat waar die Sowjetunie sosialisme wanbestuur het en die Amerikaners kapitalisme korrupteer het, slegs China die formule ontdek het wat staatsgesag met markdinamika kan versoen en internasionale harmonie kan herstel," aldus Fardella en Radchenko. Die werklikheid is egter dat China deur talle onderduimse maniere produkte in internasionale markte bly stort en sodoende nie net die VSA en Europa tot optrede dwing nie, maar nou ook lande in Suid-Amerika en Afrika noop om stappe te begin oorweeg om hulle eie vervaardigers teen Chinese storting te beskerm. Die VSA en Europa neem leiding met 'n groot terugstoot teen China se dominering van die ontginning van skaars minerale in veral Afrika en die beheer oor vervoer- en ander netwerke in opkomende markte.

Terwyl die Chinese ekonomie meer en meer afhanklik raak van massa-uitvoere begin meer en meer lande te sê: Genoeg is genoeg.

Chinese globale mag word nie net ekonomies bepaal nie, maar ook polities en militêr. China se politieke invloed het die afgelope twee dekades wêreldwyd toegeneem. Die Amerikaners neem nou egter leiding met 'n terugstoot daarteen soos wat ons onder andere in Venezuela, Kuba en Panama gesien het. Die Amerikaners werk ook aktief daaraan om Chinese invloed in Afrika teen te werk en selfs daarteen terug te stoot.

Terwyl China se militêre vermoë wesenlik toegeneem het, is dit steeds grootliks ongetoets. Beijing besef toenemend dat 'n inval in Taiwan rampspoedig vir China kan wees, terwyl 'n blok van lande in die Stille Oseaan-gebied, insluitend die VSA, Australië, Japan, die Filippyne, Suid-Korea en Taiwan gereed maak om enige Chinese aggressie teen te werk. Die meeste van hierdie lande is ook tans besig met 'n groot herbewapening, juis in reaksie op China se militêre uitbreidings.

China is 'n supermoondheid. Dit is egter nog lank nie dié belangrikste supermoondheid van die wêreld nie en gaan heel moontlik dit ook nooit word nie. Die land se drastiese bevolkingsafname, versnelde veroudering, ernstige ekonomiese uitdagings soos eiendomsprobleme en groeiende skuld, 'n globale teenreaksie teen Chinese storting van goedere in oorsese markte, en toenemende tegnologiese en geopolitieke isolasie as gevolg van Westerse sanksies gaan vir die Chinese groot uitdagings oor die volgende paar jaar bied. Ons sien nou reeds die krake duideliker raak. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# DR. W.J. LEYDS, "KRUGER SE HOLLANDER"

*Riana Mulder*

*(Artikel voorheen gepubliseer: https://www.afrikanergeskiedenis.co.za/)*




**Wie was dr. Willem Leyds?**
Willem Johannes Leyds was 'n Nederlander wat veral voor, tydens en net ná die Anglo-Boereoorlog 'n baie belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het. Hy was 'n vertroueling van pres. Paul Kruger, en in 1909 verskyn sy "Herinneringen aan President Kruger" in De Volkstem. Baie van sy eie publikasies oor Suid-Afrika en die oorlog is bewaar as die sg. "Leyds-argiefversameling" wat (hopelik) nog in die Nasionale Argief in Pretoria beskikbaar is.

Dr. Leyds was die seun van die skoolhoof van die Goewermentskool in Magelang, Java, 'n Indonesiese eiland wat destyds nog 'n Nederlandse kolonie was. Hy is in 1859 gebore, en toe hy ses jaar oud was, sterf sy pa en neem sy moeder die vier seuns terug na Nederland. Willem was die tweede oudste, en 'n briljante student. Hy sê self in 1939 aan die skrywer Kees van Hoek dat dit "'n aangebore gawe is" en dat sy brein soos 'n "fotografiese plaat" is.

Omdat sy moeder nie die geld gehad het om die seuns verder te laat leer nie, moes die jong Willem hard werk om hom eers as 'n onderwyser te bekwaam. Met skoolhou het hy genoeg geld verdien om verder te gaan studeer. Hy is op universiteit gou raakgesien deur sy professore, wat vir hom gratis ekstra lesings gegee het, en het sy doktorsgraad met lof behaal.

**Werwing in Nederland**
Pres. Kruger was aan die hoof van 'n deputasie wat Nederland besoek het om te onderhandel oor die bou van 'n spoorweg, en hy het ook die geleentheid gebruik om met die Amsterdamse Universiteit se Regsfakulteit kontak te maak in verband met die werwing van 'n prokureur-generaal vir die ZAR. Die jong dr. Leyds is hoog deur sy professore aanbeveel, maar sy verloofde, mej. Louise Roeff, was nie gretig om Nederland te verlaat en in Suid-Afrika te gaan woon nie.

Uiteindelik het sy beskermheer, 'n prof. Pierson, hom wel oorreed om die geleentheid aan te gryp. Die salaris van 1000 pond per jaar, wat gelykstaande was aan dié van 'n Nederlandse minister, was beslis ook 'n groot oorweging. Hy het 'n kontrak vir drie jaar geteken, en sy




*'n Skets van dr. Willem Leyds deur Jan Veth. Foto: Wikipedia*

verloofde oorreed om saam met hom die avontuur aan te pak.

**Loopbaan in Suid-Afrika**
Dr. Leyds het op 13 Oktober 1884 sy loopbaan as staatsprokureur van die ZAR begin. Hy en sy vrou het in September in Kaapstad aangekom. Die lang tog per trein na Kimberley het twee volle dae geduur, waarna hulle met 'n poskoets tot by Potchefstroom moes reis, en uiteindelik ná nog 'n volle dag in Pretoria aangeland het.

Pretoria was vir die Leydse 'n aangename verrassing: daar was breë strate en groot woonhuise, en dinge was glad nie so primitief as wat hulle verwag het nie.

As staatsprokureur was hy die hoof van die Balie, en ook die openbare aanklaer. Hy het baie deur die republiek gereis, en was verantwoordelik vir die ontwerp van wette en regulasies (in 'n vorm van Hoog-Hollands wat darem vir Afrikaanssprekendes verteerbaar was).

Geleidelik het hy sy werk en die mense van die land begin liefkry, maar hy erken dat dit soms moeilik was om van alle Afrikaners te hou – baie van hulle was bekrompe in hulle denke en nie gretig om veranderings te aanvaar nie. Só byvoorbeeld het 'n deputasie hom eendag voorgekeer en oorreed (verplig!) om sy baard te laat groei, sodat hy ouer en waardiger kon lyk! Hy vertel dat sy vrou vir omtrent 'n jaar die baard verdra het, maar baie verlig was toe hy dit afskeer.

Veral vir pres. Kruger het hy groot respek gehad, en Leyds het hom ook baie goed leer ken in die bykans vyftien jaar wat hulle saamgewerk het. Volgens hom was die president 'n man van inbors, iemand wat respek verdien het vir sy intellek en waardigheid. 'n Leier wat verbasend modern in sy denke was en nie omgegee het om met jonger mense saam te werk en na nuwe idees te luister nie.

Hy het twee gunstelingstaaltjies oor die president gehad: Hy vertel dat die president en hy eendag stry gekry het, so erg dat die president gesê het dat een van hulle twee sal moet gaan. Dr. Leyds het onmiddellik sy bedanking ingedien, en laatnag nog lê en stoom, toe hy die geluid van perdehoewe hoor. Met die oopmaak van sy voordeur was hy verbaas om die president van sy perd te sien afklim, en nog meer verbaas toe die ouer man nederig om verskoning vra! Toe dr. Leyds op 'n keer van 'n besoek aan Europa af terugkom, was hy net so aangenaam verras dat die president hom self by die stasie kom haal het, en langs die pad sy hande gevat en vir hom vertel het dat hy hom baie gemis het.

'n Probleem met sy stembande het uiteindelik beteken dat dr. Leyds nie meer sy werk as staatsprokureur kon doen nie – sy dokter in Europa het hom aangeraai om nie weer toesprake te hou wat sy stem kan ooreis nie, en hy is toe van Januarie 1889 af aangestel as die staatsekretaris. Hy het die pos beklee tot in 1898, net voor die uitbreek van die oorlog.

**Buitengewone gesant in Europa**
Dr. Leyds was van die begin van sy loopbaan af betrokke by die ZAR se betrekkinge met ander lande, en veral by skakeling met die Nederlandse regering. Dit was dus logies dat hy tydens die oorlog aangestel sou word as buitengewone gesant en gevolmagtigde minister van die ZAR in Europa. Hy was as sodanig by ses Europese regerings geakkrediteer, en het hom voltyds besig gehou met die werwing van steun vir die Boere.

Hy was ook verantwoordelik vir fondsinsameling, en die bestuur van al die ZAR se fondse in die buiteland. Ná die oorlog het hy die oorblywende fondse

*Na bladsy 14*

# DR. W.J. LEYDS, "KRUGER SE HOLLANDER" (vervolg)

*Van bladsy 13*

aangewend vir opheffingswerk in Suid-Afrika.

**Saam met die president tot met sy dood**

Met pres. Kruger se aankoms in Europa was dr. Leyds daar om hom in te wag en tuis te laat voel, en hy het hulp, troos en raad verleen gedurende die hele tydperk tot en met die president se dood in 1904. Met sy bystand is besoeke gereël aan staatshoofde en adellikes, in die hoop dat iemand bereid sou wees om fisieke hulp aan die Boere te verleen. Die president is orals deur groot skares en met baie respek en eerbewys ontvang. Daar was egter geen beloftes van militêre bystand nie, en dr. Leyds moes toesien hoe die president se gemoedstoestand en sy gesondheid agteruitgaan.

Hy was ná die president se heengaan ook die een wat die liggaam laat balsem het, en dit op die lang seereis na Kaapstad vergesel het. Daar het die Engelse hoë kommissaris, lord Milner, egter sy deurgang probeer beperk, en dr. Leyds het verkies om eerder terug te draai as om aan sy voorwaardes te voldoen.

Die president se baie bekende laaste boodskap aan sy volk is deur dr. Leyds opgestel en deur die siek president onderteken.

**Ná die oorlog**

Dr. Leyds het ná die oorlog met die fondse tot sy beskikking skole, nuwe Hollandse koerante en twee nuwe politieke partye in Suid-Afrika gefinansier in 'n poging om die Afrikaanse volk weer op te hef en Milner se beleid van verengelsing teen te staan. In 1908 het hy op Louis Botha se aandrang die land weer besoek, en hy was altyd bereid om aan die nuwe leiers advies te verleen om hulle op die pad na selfbeskikking te lei.

Met die argiefmateriaal tot sy beskikking het hy 11 boeke oor die Afrikaner se stryd teen Britse imperialisme geskryf. Hy was tot en met sy dood in 1940 baie betrokke by alles wat in Suid-Afrika gebeur het, het met die verskillende leiers gekorrespondeer en ook nie gehuiwer om hulle te kritiseer nie.

In 1936 het die Universiteit van Pretoria aan hom eer betoon deur 'n borsbeeld van hom te laat maak, en is hy bedank vir sy groot bydrae tot die Afrikanergeskiedenis deur leiers soos dr. Hertzog en Jan Smuts.

Sy hele argiefversameling is ná sy dood aan die destydse Transvaalse Argief geskenk. **N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*

# Hart en houtskool

**Padlangs**

Alta Strauss

Met 'n stuk houtskool in my regterhand en 'n groot vel Fabriano-papier voor my, sit ek in die kunsklas. Ons behandel die teorie van monochrome houtskool-skilderwerk. Ek is verstom oor die korrelasie tussen hierdie besonderse kunsvorm en digkuns. Hoe die beperking van skadu en lig, net soos met woorde, die vermoë het om komplekse boodskappe of idees in eenvoud tog so presies uit te druk.

Ek dink aan digkuns en waarom ek so lief is vir en in totale verwondering is oor die krag van woorde. Ek dink aan die kuns van artikulasie. Om jou akkuraat en noukeurig uit te druk. Die kapasiteit en vaardigheid om moeilike of veelvlakkige gedagtes in 'n versreël vas te vang. Dit te stroop van al die weggooi-sinne. Die dinge wat dit probeer inkleur en dit dan uiteindelik grys en niksseggend te laat. Die kuns om daardie een woord te vind, met paragrawe daarin opgesluit. Die kuns van monochroom.

Ek dink aan Paulus se woorde en hoe, sonder daardie diep skadu's, dit onmoontlik is om verhelder te word en in wysheid te wandel. Hoe hy skryf dat ons geestesoë so moet verhelder dat ons kan wéét watter hoop die Here se roeping inhou, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo (Efesiërs 1). Hoe hierdie begrip en insig net met 'n bewustheid van skadu kom en begryp waarom ons nie altyd hierdie wysheid in besit kan neem nie, want dit is moeilik om eg en rou na onsself te kyk.

Dit is makliker om net volkleur en naïef deur die lewe te gaan, maar daardeur mis ons soms geheel en al die wonderlike hoop wat ons in Christus het. Ons verbeel en oortuig ons dat daar net goed en geen potensiaal vir sleg in ons is nie. Ons oordeel die skadu in ander. As dit egter die geval was, sou ons dan genade nodig gehad het, en wat sal die doel van geloof en hoop dan wees?

Alleen, wanneer ons eerlik met onsself is en die skadu in onsself erken, dit duidelik artikuleer en dit sê net soos dit is, besef ons die kosbare geskenk wat ons in Jesus Christus ontvang het. Dan verstaan ons die kruisiging en die opstanding. En waarom Jesus gesê het dat dié wie se sonde baie was en vergewe is, baie liefde bewys, maar die van wie min vergewe is, min liefde bewys.

Ek lees dit weer en besef dat daar eintlik net twee soorte mense in hierdie wêreld is: dié wat die genade van die Here nodig het en dié wat nie weet net hóé nodig hulle die genade van die Here het nie. Ek besef dat in die afwesigheid van spreekwoordelike kleur, jy gedwing word om eg, eerlik en in eenvoud, sonder fieterjasies, na jou hart te kyk. Dit waarlik te deurgrond. Ten volle bewus te wees van die spanning tussen lig en donker in jou binneste.

Net soos met houtskoolwerk is hierdie donker en lig uiters komplekse tone, maar terselfdertyd ook 'n proses waar vergifnis en genade aan jou betoon word. 'n Kans om terug te gaan waar jy tekort geskiet of fouteer het. Reg te maak. Te ervaar. Te leer. Te groei.

Niemand van ons hou van die skadu's in ons lewe nie. Tog is dit nodig om bewus te wees van hierdie skadu's, sodat ons verhelder mag wees en deur God se genade oor die vermoë kan beskik om hierdie skadu's te bestuur en nie daardeur bestuur word nie.

Ek vermoed dat net soos woorde, houtskool my ook nog baie van myself en die lewe gaan leer. **N**

**Strauss is 'n skrywer en motiveringspreker.*



# Die Boekeblad

met
Graffiti Boeke

# Nuut op die rak




## *Die avonture van Wilde Willemientjie* – ARiana Scheepers

**Illustrasies: Vian Oelofsen**

**R250, Tafelberg**

'n Bundel met die 6 *Wilde Willemientjie*-avonture wat oorspronklik in 2 afsonderlike boeke (2006 en 2009) verskyn het. Hierdie uitbundige, selfs woeste prenteboeke sleur jong lesers mee. Riana Scheepers se rymvernuf en Vian Oelofsen se illustrasies laat dié baba, wat nie om dowe neute Wilde Willemientjie heet nie, in volkleur lewe kry. Sy is wild!


Voor die verskyning van haar eerste tand is Willementjie se wildheid wêreldbekend en is sy haar oupa se oogappel. Nie net het haar ouers g'n raad met haar nie, ook skurke en jagters laat sy les opsê.

Met al die diere van die diereryk wat sy om haar pinkie kan draai, reis sy deur die wêreld: na die Kalahari, die Tsitsikamma-woud en Paternoster en, les bes, ook die maan! En so tussen die klappe wat sy en die diere aan booswigte toedien, sorg hulle vir een groot makietie.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

## *Historiese Almanak* – Albé Grobbelaar

**R420, Turkvsy**




*Historiese Almanak* is 'n keur uit die skrywer se gewilde radiopraatjies en koerantrubrieke oor gebeure van die verlede. Dit is reeds vroeg in 1982 die eerste keer op die senders van die ou Afrikaanse Radiodiens (die voorloper van RSG) uitgesaai, in 'n era toe internetnavorsing nog nie moontlik was nie.


Reg van die begin af was dit die unieke aanslag van dié programme en rubrieke wat luisteraars en lesers vasgenael gehou het. Die wenverhaal duur voort.

Die afdelingstitels is: Eie stories; Politiek en polemiek; Nuus van 'n ander aard; Uit Suid-Afrika se verlede; Oorlogsverhale; Baanbrekers, planmakers en uitskieters; Kalante, kreature en kaskenades; Kuns, vermaak en musiek; Skrywers en boeke; Silwerdoekstories; en Sportstaaltjies.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

## *Pompeii* – Bets Smith

**R300, LAPA**




Voor die uitbarsting van Vesuvius word Aeliana en haar moeder as slavinne uit Jerusalem weggevoer en bevind hulle hulle in Pompeii – 'n besige stad vol afgodstempels. 'n Vlaag teregstellings eis haar moeder se lewe en dryf die klein groepie oorlewende gelowiges na geheime ontmoetingsplekke uit vrees vir hul lewe. Haar kunstalente verseker haar 'n posisie in 'n villa, maar haar pligte strook soms nie met haar waardes nie.

Balthus, 'n gladiatorslaaf wat sy vryheid in 'n geveg gewen het, het haar moeder belowe om na Aeliana om te sien, maar haar wantroue veroorsaak innerlike konflik oor haar gevoelens vir hom. 'n Versigtige vriendskap ontstaan tussen die twee en sy voel toenemend veilig by hom. Maar is sy aangetrokkenheid tot haar slegs gegrond in sy skuldgevoelens en belofte? En kan sy hom vertrou om haar en die ander Christene veilig te hou?

Ná die plaasmoord op haar ouers worstel Liana met bitterheid en vrae oor God se genade. Sy aanvaar 'n wegbreekkans na Pompeii om restourasiewerk te doen. Liana verdiep haar in die muurkuns, mosaïeke en gebruiksitems by die Priscus-villa terwyl haar deernis vir die eertydse skilder en slawe groei.

Doktor Ulrich Balth en Liana het 'n stormagtige ontmoeting, maar sy kennis en vriendelikheid laat haar tog geleidelik teenoor hom ontdooi. Sy onverwagse begrip vir haar sporadiese bitterheid en hartseer laat haar vermoed dat hy self ook al kennis gemaak het met tragedie. Saam vlek hulle nie net die geheime van die laaste dae voor die ramp in Pompeii oop nie, maar ook hulle harte en verledes.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

10 ***Donkerhart*** – Henda Olivier

9 ***Daardie lewe: Karel Schoeman*** – Ria Winters

8 ***Wat die witbors wou sê*** – Elmarie Dercksen

7 ***Sterre is vir altyd*** – Sophia Kapp

6 ***Enigma*** – Rudie van Rensburg

5 ***Goed genoeg*** – Gerridene Berg

4 ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert

3 ***'n Ierse knoop*** – Elsa Winckler

2 ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse

1 ***Bethulie*** – Rensche van der Walt

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om al drie hierdie boeke ter waarde van R1075 te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

***Wat is die titel van Bets Smith se nuwe boek?***

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.

**Inskrywings sluit Maandag 20 Julie 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 12 Julie 2026 se boekekompetisie is: Louisa de Villiers van Polokwane**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**

**www.graffitiboeke.co.za**

**teen 10% afslag.**

7voor7

# Wees God-geleerd

7VOOR7
Stephan Joubert,
Uit die Beek 2026

Wees God-geleerd, soos Dawid. Ontdek saam met hom dat die Here se volmaakte Woord nuwe lewe gee. Ontdek dat sy Woord wysheid en insig bring. Sy Woord bring blydskap en is betroubaar. En God se Woord is bedoel vir almal wat 'n ryk en vol lewe wil leef.

Daar was nog altyd individue en groepe met diep innerlike oortuigings wat ware verskilmakers in die wêreld geword het. Die Here het nog altyd sulke individue en groepe gebruik om sy waarheid uit te dra. Die waarheid is nie vanselfsprekend in groot groepe teenwoordig nie. Mense verander baie vinnig in toeskouers wanneer hulle tussen 'n menigte ander mense is. Hulle stap opinieloos agter die stroom aan. Dit wil nie sê groot groepe is altyd verkeerd of dat ons dit moet vermy om deel van groot groepe te wees nie. Nogtans is dit dikwels enkelinge of klein groepe wat oplossings bring en 'n verskil maak.

Wees op die uitkyk vir sulke mense en groepe. Soek na mense wat God-geleerd is. Dit is mense wat hulle vreugde in God se Woord vind, wat sy Woord dag en nag oordink. Hulle hele lewe praat God se taal.

Gaan wees dan self ook iemand wat God-geleerd is. Laat die Gees van die Here jou enigste Leermeester wees. Dan neem jou woorde en jou dade en jou gedagtes die regte vorm aan. Dan sal ander graag na jou luister, al is jy nie deel van 'n groot skare nie. **N**

#Vrydagfeite

#vrydagfeite

Leonardo da Vinci het dalk meer as 500 jaar gelede gesterf, maar ons maak steeds gebruik van vele van sy idees oor kuns en ontwerp. Wetenskaplikes dink dat daar iets meer as net idees van hom nog oor is: sy DNS. Navorsers wat aan die Leonardo da Vinci-projek werk, het DNS van bakterieë, plante, diere, fungi en ook manlike DNS op 'n skets van die kunstenaar gevind. Die studie wat reeds gepubliseer is, sê nie dat dit beslis Leo se DNS is nie, maar beskou dié ontdekking as 'n raamwerk vir hul verdere ondersoek. Ander kunswerke van die skilder gaan ondersoek word om te sien of hulle dieselfde chromosoom-volgorde het. **N**



Vandag in die verlede

VANDAG IN DIE
VERLEDE
Albe Grobbelaar

Die tragiese Leeudoringstad-spoorwegramp het op 17 Julie 1932 plaasgevind toe 'n trein wat dinamiet na die goudmyne van die Witwatersrand vervoer het, 'n enkele kilometer van Leeudoringstad af ontplof het. Dit was een van die grootste ontploffings wat ooit in Suid-Afrika plaasgevind het. Vyf mense het gesterf en 11 is ernstig beseer.

Koningin Camilla, koning Charles die Derde se vrou, vier vandag haar 79ste verjaarsdag. Sy is op 17 Julie 1947 as Camilla Rosemary Shand in Londen gebore.

Disneyland in Kalifornië het vandag in 1955 sy deure geopen. Dit is die enigste temapark wat ontwerp en gebou is onder die direkte toesig van Walt Disney self.



*Koningin Camilla*

Die Sokkerwêreldbeker is, vóór vanjaar, laas in 1994 deur die VSA aangebied. Brasilië het op 17 Julie 1994 die Wêreldbeker gewen toe hulle Italië in Pasadena, Kalifornië, in die eindstryd met 3 - 2 verslaan het.

Die nuus dat pres. John F. Kennedy se seun, John-John, in 'n vliegongeluk dood is, het vandag in 1999 bekend geword.




*Donald Sutherland*

Laastens, die akteur Donald Sutherland, Kiefer Sutherland se pa, sou vandag 91 geword het. Hy is in 2024 oorlede. Hy is al beskryf as die beste akteur wat nooit 'n Oscar ontvang het nie. Van sy bekendste rolprente sluit in *Kelly's Heroes*, *Klute*, *Ordinary People* en later die *Hunger Games*-reeks. **N**

# Sephaku (JSE - SEP)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**

**Sephaku Holdings** is 'n konstruksie-materiaalmaatskappy in Suid-Afrika. Hulle is betrokke by die vervaardiging en verskaffing van klaargemengde betonprodukte vir die residensiële, kommersiële en industriële mark. Die maatskappy is in 2005 gestig. Hou in gedagte dat die aandeel illikied is – moet dus nie pryse jaag nie.

**Kernbevinding**

Die dalendewigformasie (moontlik positief) hou beleggers sku. Wat is 'n dalende wig? Dit is 'n tegniese patroon wat vorm wanneer die prys oor tyd af beweeg, maar die tempo van die daling al hoe stadiger raak sodat die twee tendenslyne van bo en onder na mekaar toe begin beweeg. Dit beteken dat die mark steeds laer hoogtepunte en laer laagtepunte maak, maar elke nuwe laagtepunt is minder aggressief as die vorige een. Hierdie saamdruk van prysbewegings wys dat verkopers se krag besig is om stoom te verloor, terwyl kopers stadig meer momentum opbou. Wanneer die prys uiteindelik bo die boonste weerstandslyn uitbreek, word dit gewoonlik beskou as 'n positiewe sein dat die afwaartse beweging sy einde bereik het en dat 'n moontlike ommekeer na 'n opwaartse tendens kan begin.

Die stogastiese indikator wys 'n positiewe tegniese afwyking, wat dalk 'n herstellopie kan inlui. Wat is 'n stogastiese indikator? Dit is 'n eenvoudige hulpmiddel wat wys hoe vinnig en hoe ver 'n instrument/aandeel se prys oor 'n kort tydperk beweeg het, en dit help die tegniese belegger wanneer die prys dalk te vinnig gestyg het (oorkoop) of te vinnig gedaal het (oorverkoop). In gewone taal is dit soos 'n warm of koud-meter vir prysbewegings — "hoog" beteken die prys het te vinnig en te veel gestyg en "laag" beteken dit het te vinnig en te ver gedaal.

Bo lyn A (R1,93) kan die dalendewigformasie na bo breek, en as die momentum die oorhand na bo kry, kan die aandeel dalk mettertyd R2,28 bereik.

Die 50-dag- bewegende gemiddeld (R1,94) is een van die beste mediumtermyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte.

Onder R1,73 kan die aandeel steeds verder daal en teikens jaag van: R1,70; R1,63; R1,57; R1,52; R1,44; R1,40; R1,37; R1,35; R1,33; R1,30; R1,29; R1,28; R1,26 en R1,24 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R1,70.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R1,94) slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R1,70 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R1,97; R2,00; R2,07; R2,14; R2,19; R2,28 en R2,35 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as spekulante, maar hou by hulle keerverlies. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R1,94) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**

Indien die aandeel kopers lok bo lyn A, kan die aandeel dalk styg na: R1,97; R2,00; R2,07; R2,14; R2,19; R2,28; en R2,35 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

**Opsomming**

Koop of gaan lank bo R1,94, maar gebruik R1,70 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

## Bou & Ambagte

**Wielsporingstegnikus** - Tyreworx Dastek |Monument Park|Sluit: 2026-07-20

**PLC / Automation Engineer** - Career Legends |Gauteng|Sluit: 2026-07-20

**Installation Technician** – Vehicle Camera Systems- Career Legends|eMalahleni|Sluit: 2026-07-20

**Junior Mechanical Draughtsman** (East Rand)- The Recruitment Guy|Kempton Park|Sluit: 2026-07-24

**Motor Mechanic** - GAP Consulting |Limpopo|Sluit: 2026-07-24

## Finansiële Dienste

**Audit Practice Administrator / Accounting Officer** - Placement Dynamics|Moreleta Park|Sluit: 2026-07-20

**Junior Payroll Clerk** - Placement Dynamics|Moreleta Park|Sluit: 2026-07-20

## Gasvryheid, Toerisme en vermaak

**Kelner / Kelnerin** - Club 14 Country Pub & Restaurant|Pretoria|Sluit: 2026-07-24

## Onderwys & Opleiding

**Middle School Teacher** – IGCSE and AS Level Experience- Career Legends|Gauteng|Sluit: 2026-07-20

**Afrikaans Huistaal Onderwyser** -Hoërskool Strand|Strand, Cape Town|Sluit: 2026-07-21

**Baba-Klas Onderwyseres** - Tjokkerjol Speelgroepie en Naskool |Centurion|Sluit: 2026-07-24

## Professionele, Besigheids, Gemeenskap & Tegniese Dienste

**Junior Projekbestuurder** - Werfnet (Edms.) Bpk.| Benoni|Sluit: 2026-07-22

**Litigation Secretary** (Legal Collections)- Cora O Neil Recruitment Agency|Pretoria|Sluit: 2026-07-23

**Senior RAF Litigation Secretary** - Cora O Neil Recruitment Agency|Menlo Park|Sluit: 2026-07-23

## Vervaardiging

**Senior Produksie Bestuurder** - Bind-X Africa (Pty) Ltd|Samrand Business Park, Centurion|Sluit: 2026-07-20

## Vervoer, Logistiek & Lugvaart

**Railway Infrastructure Works & Projects Supervisor – Urgent Hire!** - Placement Dynamics|Moreleta Park|Sluit: 2026-07-20

**Railway Infrastructure Works & Projects Supervisor** - Placement Dynamics|Moreleta Park|Sluit: 2026-07-20

## Verkope, Komersiel en handel

**Sales / solutions engineer precision HVAC** - Y-Labour(Pty)Ltd (Posting on behalf of client)| Alberton|Sluit: 2026-07-18

**Repair & After Sales Agent** - The Recruitment Guy|eMalahleni|Sluit: 2026-07-19

**Promotor Wynbedryf** - Salud Wyn Dienste|Pretoria|Sluit: 2026-07-20

**Key Account Manager** - Fleet Technology / Vehicle Safety Solutions- Career Legends|Pretoria|Sluit: 2026-07-20

**Senior blokman** -Boma Meat Market|Midstream Estate, Olifantsfontein|Sluit; 2026-07-21



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Argentinië en Spanje in sokkereindstryd

Die verdedigende kampioen, Argentinië, het Woens-dagaand hul plek in vanjaar se Sokkerwêreldbeker-eindstryd bespreek na 'n 2-1-oorwinning oor Engeland in hul halfeindstryd. Anthony Gordon het Engeland vroeg in die tweede helfte met een doel laat voorloop, maar daarna het Argentinië aanhoudend druk toegepas en uiteindelik is doele deur Enzo Fernández en Lautaro Martínez aangeteken.

Spanje het Dinsdagaand na die eindstryd deurgedring nadat hulle Frankryk 2-0 geklop het. Die Spanjaarde het die wedstryd van die begin af oorheers, met Mikel Oyarzabal wat in die 20ste minuut 'n doel aangeteken het. Pedro Porro het in die 58ste minuut ná 'n uitstekende spanpoging Spanje se voorsprong vergroot en die oorwinning beklink.

Die laaste keer wat Spanje die Wêreldbekertitel verower het, was in 2010 toe die toernooi in Suid-Afrika aangebied is. Argentinië het die Wêreldbeker vantevore in 1978, 1986 en 2022 omhoog gehou.

Frankryk kom môreaand om 23:00 teen Engeland in die wedstryd om die derde plek te staan, terwyl Spanje en Argentinië Sondagaand om 21:00 om die beker sal meeding.








# Curriebeker-ondersteuners slyp hul tande vir vanjaar se reeks



Die wêreld se oudste plaaslike rugbykompetisie, wat op eie bodem beslis word, die Carling Curriebeker, skop vanaand vir die 2026-seisoen af, met die Airlink Pumas en die Hollywoodbets Sharks wat in Mbombela kragte sal meet. Die verdedigende kampioen, die Suzuki Griekwas, pak daarna die DHL Stormers in Kaapstad.

Sondag gaan die aksie voort met die Toyota Cheetahs en Fidelity ADT Lions wat mekaar die stryd aansê, terwyl die Vodacom Bulls na die Boland reis om teen die Sanlam Boland Kavaliers te staan te kom.

Die Sharks, Lions, Bulls en Stormers sal sonder hul topspelers moet klaarkom, wat tans by die nasionale span betrokke is vir die Nasieskampioenskap. **S**

**Curriebeker-bepalings:**
**Vrydag 17 Julie 2026**
17:00 Airlink Pumas teen Hollywoodbets Sharks XV
19:05 DHL Stormers teen Suzuki Griekwas

**Sondag 19 Julie 2026**
13:00 Toyota Cheetahs XV teen Fidelity ADT Lions
15:05 Sanlam Boland Kavaliers teen Vodacom Bulls





# ROLBALDAG

## TEN BATE VAN DIE DBV

**Datum: 7 Oktober 2026**
**Plek: Wingate Park Country Club**

*Skryf jou span vandag in!*

## Span van 4 spelers
## R4 000 per span
## Kos vir die dag ingesluit

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.


Elke inskrywing help om die belangrike werk van die DBV te ondersteun en 'n verskil in dierelewens te maak.

Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans

# Dricus weer in aksie



Die Suid-Afrikaner Dricus du Plessis maak komende naweek sy terugkeer na die UFC-agthoek nadat hy sy geveg teen Khamzat Chimaev in Augustus verlede jaar verloor het. Hy pak vir Kamaru Usman, wat terugkeer na die middelgewigafdeling nadat hy verlede jaar in die weltergewigafdeling geveg het.

Du Plessis en Usman pak mekaar op Sondagoggend vanaf 04:00 (Suid-Afrikaanse tyd) by die Paycom Center, in Oklahoma City in die VSA. S

# Springbokke steeds op die wenpad

Die vleuel Jaco Williams, die losskakel Vusi Moyo, die slot Ruben van Heerden en die stut Carlu Sadie maak môre hul Springbokbuiging wanneer hulle in die Nasieskampioenskaptoets teen Wallis op Kings Park in Durban uitdraf.

Die Springbokafrigter, dr. Rassie Erasmus, het 'n sterk en gebalanseerde span gekies, terwyl hy sy belofte nakom om aan elke speler in sy uitgebreide groep 'n speelkans te gee. Andre Hugo-Venter en Herschel Jantjies tel onder die plaasvervangers, met Jantjies wat vir die eerste keer sedert 2023 weer in die Springbokgroep is. Pieter-Steph du Toit sal die span weer aanvoer. Erasmus sê hy is gretig om die nuwe spelers kans te gee om hul staal te wys, en hy glo die kombinasie van jeug en ervaring sal waardevol wees.

Verskeie ervare spelers, waaronder Eben Etzebeth, Franco Mostert, Handré Pollard, Damian Willemse, Ox Nche en Canan Moodie, is weens beserings nie beskikbaar nie.

Afskoptyd is 17:40.

Intussen het SA Rugby (SARU) bevestig dat hulle hul beleid oor kaartjiepryse ná die 2026-seisoen deeglik sal hersien nadat daar kritiek oor die hoë pryse vir Springboktoetse was.

Kaartjieverkope vir die eerste toets teen Engeland op Ellispark was aanvanklik traag, waarna die goedkoopste kaartjies van R950 na R450 verlaag is. Dit het gehelp om 52 790 toeskouers na die stadion te lok. Vir die toets teen Skotland op Loftus was daar 45 053 ondersteuners, met baie van die duurder kaartjies wat steeds nie verkoop het nie.

SARU se president, Mark Alexander, sê dat die unie verantwoordelikheid vir die situasie neem en erken dat sommige pryskategorieë hersien moet word. Hy beklemtoon dat ondersteuners die kern van die sport is, maar dat daar ook 'n balans gevind moet word tussen bekostigbaarheid en die finansiële volhoubaarheid van die spel.

Alexander het daarop gewys dat SA Rugby in 2025 'n finansiële verlies gely het en sê bewerings dat die unie uit gierigheid kaartjiepryse verhoog, is ongegrond. Volgens hom is die inkomste




uit toetswedstryde noodsaaklik om rugby in Suid-Afrika te finansier en dra dit ook beduidend by tot die land se ekonomie.

SA Rugby beplan om die kaartjieraamwerk vir die 2027-seisoen aan te pas om rugby meer toeganklik vir ondersteuners te maak, sonder om die sport se finansiële volhoubaarheid in te boet.

**Springbokspan teen Wallis:**
15 Aphelele Fassi, 14 Jaco Williams, 13 Jesse Kriel, 12 Damian de Allende, 11 Kurt-Lee Arendse, 10 Vusi Moyo, 9 Cobus Reinach, 8 Jasper Wiese, 7 Pieter-Steph du Toit (K), 6 Paul de Villiers, 5 Ruben van Heerden, 4 Cobus Wiese, 3 Carlu Sadie, 2 Malcolm Marx, 1 Gerhard Steenekamp

**Plaasvervangers:** 16 Andre-Hugo Venter, 17 Jan-Hendrik Wessels, 18 Wilco Louw, 19 Ben-Jason Dixon, 20 Marco van Staden, 21 Herschel Jantjies, 22 Manie Libbok, 23 Damian Willemse

# Wimbledon sluit op hoë noot af

Die 21-jarige Tsjeg Linda Nosková het verlede Saterdag haar eerste Grand Slam-titel verower deur haar landgenoot Karolína Muchová in 'n dramatiese Wimbledon-eindstryd met 6-2, 5-7, 6-3 te klop.


Linda Nosková


Jannik Sinner en Linda Nosková

Nosková erken dat die senuwees in die tweede stel geknaag het, maar tydens die laaste wedstrydpunt het sy nie eens besef sy het nog een punt nodig vir die titel nie.

Die nuwe Wimbledon-kampioen glo die ervaring sal haar geestelik sterker maak vir toekomstige eindstryde en sê hierdie oorwinning is waarskynlik die belangrikste van haar loopbaan tot dusver.

In die stryd om die mansenkelspeltitel het die wêreld se nommer een, Jannik Sinner, sy Wimbledontitel suksesvol verdedig deur Alexander Zverev met 6-7(7), 7-6(2), 6-3, 6-4 te klop in 'n eindstryd wat byna vier uur geduur het.

Zverev het een van sy beste vertonings gelewer en die eerste stel gewen, maar


Jannik Sinner

Sinner het kalm gebly en sy spel geleidelik verbeter om die wedstryd om te keer. Albei spelers het op 'n uiters hoë vlak gespeel, met min ruskanse en twee valbylpotte in die eerste twee stelle.

Sinner het sy teenstander ná die wedstryd geloof en gesê Zverev is baie naby daaraan om nóg 'n Grand Slam-titel en selfs die wêreld se nommereenposisie te verower as hy aanhou om op hierdie peil te speel.

Met dié oorwinning behaal Sinner sy 100ste Grand Slam-wedstrydsege en bevestig hy sy status as een van die wêreld se voorste tennisspelers.



# Baba-Bokke wil seniors nadoen

Die Junior Springbokke het vroeër hierdie week met 'n uitstekende vertoning in die tweede helfte vorendag gekom om Engeland met 53-37 in Tbilisi te klop om vir die Wêreldrugby o. 20-kampioenskap-eindstryd te kwalifiseer. Dít nadat hulle rustyd met 20-12 agter was en uiteindelik met ses drieë teruggeslaan het.

Die vleuel Khuthadzo Rasivhaga was die uitblinker met 'n driekuns, terwyl die losskakel Yaqeen Ahmed 23 punte aangeteken het en die flank Kebotile Maake wat ook twee drieë gedruk het.

Die Junior Bokke sal hul titel môremiddag teen Frankryk verdedig wanneer hulle om 18:30 by die Mikheil Meskhi-stadion in Tbilisi uitdraf. Frankryk het in die ander halfeindstryd met 26-22 teen Nieu-Seeland geseëvier om na die eindstryd deur te dring.